19.3.3 26/8/63

ROM/RAA

VOLLE NAAM : JACOB LEBONE

RAS : BANTOE PERSOONSNOMMER

GESLAG MANLIK OUDERDOM 24 jaar

WOONAGTIG TE 1948 THLADI LOKASIE, MAROKA, JOHANNESBURG.

EN WERKSAAM TE WERKLOOS

IN DIE HOEDANIGHEID AS WERKLOOS

VERKLAAR :-

Ek is nugter en by my volle verstand en bewus van die teenwoordigheid van 'n Vredesbeampte, te wete S/Kst. v/d MERWE L.J. van die Suid-Afrikaanse Polisie te PRETORIA DIST. PRETORIA

Die aard van die oortreding(s) waarvan ek verdink word nl :-

? ----------------------------------------------------------------------

----------------------------------------------------------------------

Is aan my verduidelik en ek verstaan die aard en ernstigheid daarvan. Ek is ook verder gewaarsku dat ek nie nodig het om 'n verduideliking af te lê nie, maar indien ek een sou verstrek, dit uit my eie vrye wil moet wees sonder dat ek daartoe beinvloed word. Hierdie verklaring sal op skrif gestel word en dit mag as getuienis tydens my verhoor gebruik word. Ek verstaan die aard van die implikasies wat aan my verduidelik is en ek verkies om die volgende op skrif te laat stel.

1. Ek is 'n volwasse bantoeman en is woonagtig soos bogenoem. Ek is in Johannesburg gebore en sedertdien aldaar woonagtig.

2. Ek is getroud met Bettie Loge van Johannesburg. Ek het drie kinders. Ek woon in my eie huis.

3. Ek weet van die Organisasies nl. A.N.C. en P.A.C. maar ek is nie 'n lid daarvan nie.

2/...

4. Ek was werksaam by National Spring, Selby, Johannesburg. Ongeveer 5 weke gelede het ek my ontslag geneem en toe werk gekry by N.C.D. (Nelspruit Melkery) Mayfair, Johannesburg.

5. Ek het 'n broer nl. JURIEL LEBONE van 117-4de Laan Alexander Johannesburg. Ek het dikwels vir my broer gaan kuier. In Alexander Township het ek ene Keabriel Peloo in die straat ontmoet. Ek het toe vasgestel dat Keabiel 'n De Soto motor het en kan bestuur. Hierna het ons nog dikwels mekaar gesien.

6. Ek kan nie presies onthou nie, maar ek het toe weer vir my broer gaan kuier. Hy was egter nie tuis nie, maar het toe na Keabiel toe gegaan waar hy besig was om motors te herstel. Ek het hom toe gevra of hy my motor sou leer bestuur. Hy het gesê "ja", maar dat dit my R20 sou kos. Ek het toe ingestem. Hy het aan 'n motor se ratkas gewerk en ek het baie belang gestel Ek het hom toe ook gevra of hy my sou leer van die motor se masjien.

Hy het toe gesê ek sal moet "skool" gaan. Ek het toe gesê dat ek 'n vrou en kinders het en dat ek nie geld het om te betaal. Hy het toe gesê dat ek nie in die Republiek kan skool gaan nie, maar in Tanganyika. Ek gaan vir ± 6 maande daarheen as ek slim genoeg is. Ek kan dan terugkom en later betaal vir my opleiding.

Ek het toe gesê ek weet nie hoe om daar te kom nie, maar hy het gesê dat hy my sou gaan wys. Ek het toe ingestem. Ek het toe geloop.

7. Eendag het ek weer in Alexander gekom. Ek het toe vir Keabiel raakgeloop. Hy het die De Soto motor bestuur. Ek het hom toe gesê dat ek oor sy aanbod gedink het en dat ek dit aanvaar. Hy het toe gesê dat hy alreeds 'n ander man gekontak het en dat hy my na Tanganyika sal neem. Hy het gesê die man se naam is Tlali.

Keabiel het toe gesê ek moes hom Dinsdag (20/8/63) op die hoek van Main & Delverstrate, Alexander moes kry. Die tyd was bepaal en wel 12 uur. Ons is toe uitmekaar.

8. Op Dinsdag (20/8/63) om ± 12nm. het ek vir Keabiel by die bestemde plek gekry. Ek het toe gesê alles is gereed en gereël en ek moes op Woensdag 21/5/63 om 5 nm. op die h/v Noord & Hoekstrate Parkstasie kry.

9. Op 21/8/63 het ek werk toe gegaan soos gewoonlik. Ek het toe my ontslag geneem. Na middagete is ek bioskoop toe. Na 5 uur nm. het die bioskoop uitgekom. Ek het my toe gehaas na die bepaalde plek. Ek het daar ongeveer 5.55 nm. aangekom, maar niemand daar aangetref nie. Na 'n rukkie het Keabiel daar opgedaag. Hy het toe gesê ek moet daar wag. Keabiel het vir my snaaks voorgekom sy reaksies was verskrik. Na 'n rukkie het hy teruggekom en toe gesê dat ek saam met hom moes loop. Net toe ons die platform ingaan het hy my 'n treinkaartjie gegee maar nie 'n woord gesê nie.

10. Op die platform het ek nog vreemde Bantoemans by 'n pilaar aangetref. Hulle was nl. Mokwena en die ander wie saam met my gearresteer is. 'n Man met 'n baard, ek ken sy gesig, hy is ook saam met ons gearresteer, het toe gesê dat ons nie so in 'n bondel kan staan nie, maar moet versprei. Ek het toe saam met Mokwena gestaan. 'n Ander bantoeman ek weet nie sy naam nie, maar ek weet hy woon in Alexander Township ek ken hom van sien, het toe met mekaar gepraat. Na 'n rukkie het die trein opgedaag, die man met die baard het toe gesê dat ons twee twee in 'n kompartement moet klim. Ek en Mokwena het toe saam in een kompartement gery. In die trein het ek na my kaartjie gekyk

en vasgestel dat ek na Zeerust gaan. Ek onthou ook dat die man met die baard gesê het dat ons op Zeerust moet uitkyk vir 'n bantoeman met 'n kakie lap op sy linker bo arm.
Ons moes na hom toe gaan hy sou ons met 'n vuisteken groet. Ons moes hom geen vrae stel nie.

11. Op die oggend van 22/8/63 is ons te Zeerust deur die Polisie gearresteer en na Pretoria geneem. Dit is al wat ek weet en kan sê.

(Get) J. LEBONE.

PRETORIA.
26/8/63. 11 vm.

Bostaande deur my geneem.

(Get) D.J. V/D. MERWE S/SERST.

Collection Number: AD1901

## SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials Court Records 1958-1978

### *PUBLISHER:*
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.